KLEIN KAROO AGRI
(EDMS) BPK - (PTY) LTD

(Reg 2014/157677/07)

16 April 2020

Geagte produsente, die landbou gemeenskap en kliënte

NR 3. COVID-19 – KORONAVIRUS 'LOCKDOWN' TOT 30 APRIL 2020

Dit is vandag dag 21 van die nasionale inperking, wat tot 30 April 2020 verleng is. Die groot vraag is: Hoe lank gaan die inperking met ons wees? In hierdie tyd, waar die aantal positiewe Covid-19 gevalle daagliks styg, het ons lewens heeltemal verander. Dit is 'n tyd van inperking, sosiale afstand, die dra van maskers en gereelde hande was, om die nasie te beskerm.

Ons as bestuur van Klein Karoo Agri het al die nodige voorsorgmaatreëls getref om die impak van die COVID-19 virus tot die minimum te beperk. Alle personeel en kliënte sal moet voldoen aan die protokolle wat by elke tak ingestel is. Ons vra dat al ons kliënte hulle beplanning van noodsaaklike aankope so sal doen dat dit inpas by die tye wat Klein Karoo Agri oop is.

Neem ook kennis dat Klein Karoo Agri die digtheid van ons personeel moet bestuur en nie elke dag 'n vol span personeel beskikbaar sal hê op die takke nie en vra ons dat u asseblief geduldig sal wees gedurende die inperkingstydperk.

Ons verwys net weer na die versoek dat almal wat ons takke besoek die volgende moet eerbiedig:

- Bly by die protokolle vir u en ons personeel se veiligheid.
- Slegs een persoon per voertuig, wat aankope van noodsaaklike produkte kom doen.
- Los asseblief u kinders by die huis.
- Hou 'n afstand van 1,5 meter van ander kliënte en personeel.
- Spuit u hande elke keer as u die tak of stoor binne gaan.
- Die dra van maskers word aanbeveel.
- Plaas sover moontlik u bestellings telefonies
- Die veiligheid van ons personeel en kliënte is die belangrikste.

Almal se samewerking is nodig in hierdie moeilike en onsekere tyd wat voorlê. Klein Karoo Agri wil elke kliënt bedank vir die ondersteuning gedurende hierdie inperkingstyd.

Ondersteun steeds u tak in hierdie tyd en weet dat elke kliënt belangrik is vir Klein Karoo Agri.

Direkteure: JJ Klue (Voorsitter) JH Delport (Onder Voorsitter) SS Terblanche JJ Strasheim HR van der Merwe
Besturende Direkteur: JET du Plessis E-pos: tduplessis@kleinkaroo.com Openbare Beampte: J Oosthuizen E-pos: joosthuizen@kleinkaroo.com

KLEIN KAROO AGRI
(EDMS) BPK - (PTY) LTD

(Reg 2014/157677/07)

Besigheidsure tot 30 April 2020

Handelstakke en Meganisasie sal oop wees:

- Weeksdae: 08h00 tot 17h00
- Saterdae: 08h00 tot 12h00 (Slegs Calitzdorp sal Saterdae gesluit wees.)
- Vakansiedag: 08h00 tot 13h00 (27 April 2020):

Vulstasies gedurende die 'lockdown' periode:

- ***Calitzdorp***
  - Weeksdae: 08h00 tot 17h00
  - Naweke: Gesluit
  - Vakansiedag: 08h00 tot 13h00 (27 April 2020)
- ***Prins Albert en Ladismith-tak***
  - Weeksdae: 08h00 tot 17h00
  - Saterdae: 08h00 tot 12h00
  - Sondae: Gesluit
  - Vakansiedag: 08h00 tot 13h00 (27 April 2020)
- ***Oudtshoorn, De Rust en Beaufort-Wes***
  - Weeksdae en naweke: 08h00 tot 18h00
  - Vakansiedag: 08h00 tot 18h00 (27 April 2020)
- ***Die twee 24-uur vulstasies***
  - Klein Karoo Engen op Oudtshoorn en Reinders Garage Total op Ladismith sal 24-uur oop wees en dienste sal voortgaan soos normaal

Die rede waarom Klein Karoo Agri nie sy tye inperk nie en steeds elke dag oop is op die tye soos aangedui, is om die aantal kliënte op enige gegewe tydstip in die takke, store en vulstasies te beperk en so die konsentrasie risiko wat met Covid-19 gepaart gaan aan te spreek.

Kontak asseblief u naaste tak betyds indien u sekere noodsaaklike produkte benodig. Klein Karoo Agri sal ook gereeld op ons web-bladsy onder inligting ons produsente, die landbou gemeenskap en kliënte op hoogte probeer hou. Klein Karoo Agri sal alles in ons vermoë doen om steeds aan al ons kliënte se behoeftes te voorsien in hierdie tyd.

Groete

Terblanche du Plessis
Besturende Direkteur

Direkteure: JJ Klue (Voorsitter) JH Delport (Onder Voorsitter) SS Terblanche JJ Strasheim HR van der Merwe
Besturende Direkteur: JET du Plessis E-pos: tduplessis@kleinkaroo.com Openbare Beampte: J Oosthuizen E-pos: joosthuizen@kleinkaroo.com